

Hoofstuk van die dag: Jeremia 20

> *Here, U het my omgepraat en ek het my laat ompraat. U is baie sterker as ek, U het my oorweldig. (Jer 20:7, NLV)*

“Mislei” in vers 7 in die NAV is ’n ongelukkige vertaling, dink ek. Dis nie asof God Jeremia ooit onder ’n wanindruk

gebring het nie. Van die begin af was dit vir hom duidelik dat God hom gaan gebruik. Tóé al (1:5-8) het Jeremia uitkomkans probeer soek, maar God se oorreding was te sterk. En nou oorweeg hy dit weer, maar steeds kan hy nie God se opdrag nie weerstaan nie. Dit vreet hom van binne af op (vers 9).
Die mense was nie meer lus om Jeremia se aanklagte te hoor nie. Hulle koggel hom in sy eie woorde (vers 10). Daarom doen Jeremia die enigste ding wat vir hom oorbly: hy wend hom na die Een wat hom gestuur het (vers 11). In God se teenwoordigheid ontdek Jeremia dat die Een wat hom oorrompel het, ook vir sy vyande te sterk is. So word sy klag by God uiteindelik 'n oorwinnigslied (vers 13).
Paulus sou later dieselfde gewaarwording hê (2 Kor 12:10). "As ek swak is, dan is ek sterk," bely hy. Dis vandag nog steeds waar vir jou en my.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026